# Eldo-Gespreksgids

## Vasbyt reeks : Hoe lank nog Here

Aan die einde van 'n lang jaar voel baie mense soos Dawid in **Psalm 13**: moeg, vasgevang in donkerte, en onseker oor waar God is. Dawid vra 3 keer: *"Hoe lank nog, Here?"*, 'n rou, eerlike uitroep van iemand wat nie net liggaamlik nie, maar geestelik uitgeput is. Hierdie woorde wys dat selfs 'n "man na God se hart" nie altyd sterk voel nie. Hy het deur diep donker tye gegaan toe hy vir sy lewe moes vlug vir Saul, in grotte moes wegkruip, en die gevoel van verlatenheid ervaar het.

Maar in dieselfde Psalm kom daar 'n keerpunt: *"Ek hou vas aan U troue liefde."* Dawid se geloof lê nie in sy gevoelens nie, maar in wat hy wéét van God. Sy omstandighede verander nie onmiddellik nie, maar sy perspektief wel. Hy klou vas aan die wete dat God getrou bly, al voel dit nie altyd so nie. Dít is wat geloof is, om te vertrou op God se karakter wanneer jou emosies en omstandighede anders sê.

Later, in **Psalm 40**, skryf dieselfde Dawid: *"Ek het gesmag na die hulp van die Here, Hy het my hulpgeroep gehoor."* Hy getuig dat God hom uit die "slymerige modder" gered het en sy voete weer op vaste grond geplaas het. Hierdie woorde wys dat geloof nie die afwesigheid van donker tye beteken nie, maar dat ons juis daardeur groei wanneer ons aan God bly vashou.

Dawid het nie sy donker tye probeer ontken of omseil nie. Hy het dit deurleef met trane, vrees en eerlike gebed, maar altyd met die wete dat God daar is. Dieselfde Here wat vir Dawid deurgedra het, dra ons ook. Wanneer ons moeg is en vra "Hoe lank nog Here?", herinner die Psalms ons: wag op die Here. Hy sal jou weer 'n nuwe lied laat sing, 'n lied van hoop, herstel en vrede. Die Here sal jou weer by waters bring waar daar vrede is.

### Gespreksvrae

- Hoekom dink jy het Dawid gevoel dat God hom vergeet het? Het jy al ooit so gevoel?
- Wat beteken dit prakties om aan God vas te hou wanneer Hy ver voel?
- Hoe help Psalm 13 en Psalm 40 ons om eerlik te wees oor ons emosies én tog hoop te hou?
- Watter "nuwe lied" sou jy graag wou sing ná jou eie donker tyd en hoe kan die kerk mekaar help om dit te vind?